Ps. 84: 1, 2 **Die uitnodiging** Patch. 5 Jan. 58
Ps. 118: 12, 13. Ps. 122
Ps. 105: 5
Ges. 98.

Ps. 122: 1 – „Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan!"

Dis die eerste Sondag van die Nuwejaar: die eerste van 52 Kosbare Sondae wat God in 1958 aan die gemeente van Patch gee. Wat gaan ons as gemeente en as gelowiges van hd. Sondae maak?

Alles hang af van die vr. hoe ons die Sondag sien: dag van uitspanning, dag van verveling, dag van aanbidding. Alles hang af v.d. vr.: watter voornemens het ons as gemeente & as gelowiges met hd. dag? Soos ons as mense sekere voornemens het vir ons v. Maandag–Saterdag, net so behoort ons as gemeente & gelowiges 'n duid. voorneme te hê i.v.m. ons lewe en werk van Sondag. Want Sondag is nie net die eerste werkdag nie – dis 'n werkdag: werkdag vind plek in Gods huis. Here en sy koninkryk. En dd. werk begin in Gods huis.

Dan ons teksvers waarby ons wil stilstaan. Dit belig 3 aspekte soos volg:

I Die Uitnodiging II Die Plek waarheen genooi word
III Die Antwoord v.d. Genooide

I **Die Uitnodiging**: „Laat ons na die huis v.d. Here gaan". Ek wil u daarop wys dat hd. woorde 'n uitnodiging is wat deur die bedevaartspelgrims gerig is aan 'n medegelowige op trek na Jerusalem na Gods huis, na die poorte van Sion. Dis 'n uitnodiging en nie 'n bevel nie. Daar staan daar nie: „Jy moet gaan", nie: „Laat ons gaan". Watter geweldige verskil of u aan iemand wat u ~~mindere~~ sê: Jy moet – of: Laat ons.

En tog mag ons nie vergeet nie dat dit tog ook tegelykertyd 'n bevel is – 'n godd. bevel wat elke Sondag weerklink: „Gedenk die Sabbatdag..." God beveel – en dan mag ons nooi, moet ons nooi!

Hd. uitnodiging is baie eenvoudig, baie bekend: „Kom laat ons na die huis v.d. Here gaan." Van wie kom dit? „Hulle": die ander aanbidders in Gods huis – die ander gelowiges wat gereeld daar saamkom om te dank, te bely & te bid! – Het u al ooit beleef watter geweld. krag daar uitgaan kan v 'n hele gemeente, 'n hele skare van aanbidders wat teen ander mense op straat, in kantoor ens. sê: „Kom gaan saam met ons na Gods huis!" Watter kragtige getuienis nie gelewer deur hd. eenvoudige uitnodiging: Kom gaan saam kerk-toe! Watter kragdadige aksie as elke gelowige wat gereeld kerk-toe kom vanjaar net een persoon hier op rekening neem wat selde of ooit in die kerk kom! (Volg. Sondag begin!)

Maar so baie hang ook af hoe ons nooi: Die „laat-ons" gees. Want Die „jy-moet" gees of die manier nooi: huiwerend 'n mens kan op so baie lusteloos, sonder vreugde & warme opregtheid – of vrymoedig & verlangend: „Kom, man, kom!" En d. houding sal meebring of Gods huis vir u aantrekkend is!

Ons Afrikaners: (1) Baie keer so skugter & oorbeskeie in ons godsd. – „elke mens se pers. saak" i.p.v. te weet & te sê: „God het my genooi – ek mag & wil nie anders: ek nooi ook!"

(2) Sondag behefd waar dit ons bestellings met O raak. As kuiergaste net voor kerk opdaag sê ons so maklik: „Kan nie kom nie – sou darem baie onbeleefd wees". Sê as 't ware: Maak nie saak of ek God onbeskof behandel nie – solank mense my net nie sleg van my dink nie! // Waarom nie u kuiergaste nie saambring? Of as hulle nie wil kom nie: „Daar's ons huis – ons is 12-uur tuis!" Is ons eerste bestelling dan nie met God nie? // En moet ons nie deur woord en voorbeeld nooi deur tydig & ontydig te sê: „Kom laat ons na d. huis v.d. Here gaan?" // – Nie met lee hande aankom as êrens in ons buurte iemand was wat ons kan oplaai?

II Die Plek Waheen Genooi Word: „Kom laat ons na d. huis v.d. Here gaan." Keer op keer val die klem in die Bybel op d. noodsd. v. Gods volk op te gaan na Gods huis. „Hoe lieflik is u woninge, o Here v.d. leërskare!"

Baie keer het mense al gevra: Maar waarom is dit nou juis nodig dat 'n Xten kerk-toe moet gaan, gereeld & getrou moet gaan? Kan jy nie self jou God aanbid in jou eie huis op jou eie gestel-leme vrede in jou eie manier? Antwd:

Die kerk is die gemeente v. Xtus, die liggaam v.d. Here Jesus: daar ontmoet hy jou God, daar ontmoet hy jou mede-gelowiges. In die gesamentlike aanbidding gaan daar 'n krag & seën uit wat jy nooit ondervind deur net alleen te aanbid nie. Wie eenmaal Xten geword het, wil nie meer, kan nie meer alleen leme, alleen God dien nie! Jou siel alleen aanbid, alleen behoefte nie net na God, nie het 'n dors en behoefte wat saam met jou God ook na alle gelowiges dan aanbid! Jou hart roep saam m.d. Psalmdigter: „My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?"

Is dit dan nie in Gods huis waar ons gemeenskap oefen m.d. lewende God nie? Is dit dan nie hier waar ons lig & krag kry wat ons nêrens anders kan vind? Is dit nie hier waar ons d. band v.d. eenheid v.d. geloof, v.d. liefde, v. ons broers opnuut saambind nie?

As iemand dus sê of beweer: „Ek het geen behoefte aan d. kerk nie" dan sê hy dus: & eenvoudig: „Ek het geen behoefte aan God nie" Want dit gaan nie om d. gebou nie, maar om God – en sy gemeente!

III Die Antwd v.d. Gemeente: „Ek was bly". Waarom was Dawid bly?
- Omdat hy uit ondervinding geweet het wat hy daar sou vind: lewende gemeenskap met G. Kosbare voedsel vir sy siel, vergifnis vir sy sondes, versterking vir sy verdere pad, opdragte vir Gods werk! Daarom was hy bly - omdat dit aan hom opnuut 'n geleentheid gegee het om te kry wat in sy siel omgaan!
En ons, my br. & st. - is ons as gemeente ook bly as ons genooi word na Gods huis? Of is d. kerk eerdiens vir ons 'n vervelige, eentonige speletjie, 'n koue siellose plig, 'n gegraafde gewoonte? Hoe reageer u & u huis op hd. uitnodiging v God? Dié God wat oor Hom sê: „Vir 52 Sondae sal Ek my hd. hier bring"
① Sal u sê: „Mr. ons kerkbesoek is nie swak [maar] u 'n i.v.m. ander gemeentes nie!" - Dan u 'n verdowingspil uit d. apteek v.d. duiwel om uself & honderde ander mee aan die slaap te sus!
② Sê u miskien: „ Maar waarom nou elke Sondag gaan - vir jare was ek gewoond om net een ml per md. of per kwartaal of per j. te gaan en saam ek moet was d. predikante v.d. Khe. oftewel tevrede" Antwd: Of hulle tevrede was moet ek nie - wat ek weet is: „Was God oftewel tevrede? // Het u nie teenoor u na is: „ laat dat d. duiwel vir u teme 'n tradisie opbou wat u moet afbreek - vandag nog!"
Sal u nie oor saam hier en na: „Here maak dat die verwagting v.d. hart v. elkeen v.d. lidmate v.d. gemeente elke Sondag van hd. jaar:
„Hoe begeer my siel en hunker verlange
Om na Gods woning op te gaan
en in 'n tempelpoort te staan
met jubelende lofgesange
my hart & vlees, o God, roep luid
Tot U wat leef, verlangend uit"